



SECUNDA LANDBOU SKOU

NPO Reg No: 2017/426311/08

Genade Vlakspruit Farm

Trichardt

2300



Hoëveld Fries Kampioenskap Skou

30 November tot 2 Desember 2017



Aan alle eienaars, afrigters, vertoners en friesperd vriende;

Die Secunda Landbou Skoukomitee nooi julle hiermee hartlik uit om in te skryf vir ons komende 'Hoëveld Fries kampioenskap skou'. Soos wat deur die vorige skou bewys is, beloop ons weer sterk kompeterende klasse met baie pryse en prysgelde. Die skou gaan elke keer van krag tot krag en geen moeite word ontsien om van die skou een van die bestes te maak en sal dit vir ons 'n voorreg wees om julle almal vanjaar hier te sien.

Die skou word aangebied te Genade vlakspruit stoet skouterrein. (Google maps: C and f Rigging, Secunda) Die skou beloop oor 'n tydperk van 3 dae en is dus 'n baie groot en goeie geleentheid in die Secunda omgewing vir jou en jou perd, met hope steun van die gemeenskap en baie toeskouers wat gelok gaan word. Ook gaan ons 'n lekker groot tent langs die arena hê waar ons perde vriende gesellig kan saamkuier en terselfdetyd die skouende perde kan dophou.

Vrydagaand om 19h00 nooi ons ook al die vertoners, uitstallers, afrigters, eienaars en borge om saam te kuier by 'n heerlike gratis braai en geselligheid, met die komplimente van die Skoukomitee ('n kontantkroeg sal beskikbaar wees). Julle kan weereens verseker wees van ons gasvryheid.

Ons sien uit om julle op Genade Vlakspruit Stoet skouterrein te ontvang - kom ons maak dit 'n skou om vir altyd te onthou!

Groete vanaf die skoukomitee.

Vir enige navrae: Gert Kuhn - 082 084 6921 / Gert Kotze - 082 496 5295 / Tanya Prinsloo - 083 784 2464 / Ilse Kotze - 072 468 4109;

Let asseblief op, die inskrywingvorms is op ons webtuiste beskikbaar www.skou.co.za of ons kan dit vir julle per epos aanstuur.

